Jeremy Mark van Wyk
Promotor: Prof A Carl/ Prof L Le Grange

**Primêre skoolhoofde se geleefde ervarings van hul rolle as onderrigleiers in uitgesoekte laerskole**

## 1. KORT AGTERGROND/KONTEKS VAN DIE STUDIE

Die rol wat wêreldwyd deur die skoolhoof as onderrigleier gespeel word, is van kritieke belang vanweë sy/haar direkte en indirekte invloed op onderrig en leer. Die rol van die skoolhoof as onderrigleier in die verbetering van onderrig en leer is ’n dringende kwessie in Suid-Afrikaanse laerskole, aangesien die meeste leerders in Suid-Afrikaanse laerskole tydens die Jaarlikse Nasionale Assessering ver onder die gemiddelde presteer. Hierdie assesserings word deur middel van normbepaling vasgestel en word deur die Departement van Basiese Onderwys en Opleiding sowel as internasionale onderwysassesseringsagentskappe uitgevoer. Tydens hierdie assessering word daar spesifiek op kurrikulumdoelwitte, geletterdheid en gesyferdheid gefokus. Hierdie fenomenologiese studie beskryf die geleefde ervarings van die skoolhoof in laerskole in die Suid-Afrikaanse konteks met spesifieke verwysing na enkele uitgesoekte voorheen histories benadeelde (arm) skole in die Paarl-, en Wellington-areas in die Wes-Kaap. ’n Literatuurstudie bied teoretiese perspektiewe ten opsigte van onderrigleierskap as teoretiese onderbou.

## 2. DOEL VAN STUDIE

Die hoofdoel van die studie was om ondersoek in te stel van hoe skoolhoofde hul rolle as onderrigleiers in hul professionele lewens ervaar.

## 3. HOE DIE STUDIE UITGEVOER WAS

Die data is ingesamel deur die gebruik van fenomenologiese onderhoude (kwalitatiewe data), terwyl die analise met behulp van die ATLAS.ti (rekenaar) kwalitatiewe-dataontledingsprogram gedoen is. In die studie is doelgerigte monsterneming gebruik om deelnemers in te sluit wat ’n ryk beskrywing van hul geleefde ervarings van hul rolle as onderrigleiers kon gee.

## 4. BEVINDINGE VAN DIE STUDIE

Die studie se bevindinge het aan die lig gebring dat die deelnemende Suid-Afrikaanse laerskoolhoofde min ervaring van hul onderrigleiersrolle het as gevolg van ’n gebrek

aan toepaslike onderrigpraktyke om onderrig en leer te verbeter en omdat hulle die meeste van hul onderrigrolle aan hul senior personeellede delegeer.

## 5. BYDRAE VAN DIE STUDIE

In die studie was ‘n konseptuele raamwerk gebruik en ontwikkel om die navorsing te ondersteun. Hierdie raamwerk het gedien as ‘n rigtingwyser om vas te stel hoe laerskoolhoofde van landelike en stedelike gemeenskappe hul rolle as onderrigleiers beskou om sodoende effektiewe onderrig en leer te beïnvloed en te verbeter. Hierdie raamwerk was gebaseer op hersiene literatuur, sowel as die gerapporteerde data verkry uit die fenomenologiese onderhoude met deelnemers op ‘n spesifieke manier binne ‘n spesifieke omgewing in ‘n Suid-Afrikaanse konteks. Uit die studie het dit duidelik na vore gekom dat die gekonteksualiseerde uitdagings wat uitgesoekte skole ervaar, ‘n direkte invloed het op die onderrigleierskaprolle van die deelnemende skoolhoofde en hoe hulle hul leierskap beskou. Die hooffokus van die studie was gerig op laerskoolhoofde en nie op ander moontlike onderrigleiers in die skool, byvoorbeeld, departementshoofde, adjunkhoofde of vakhoofde nie. Nuwe perspektiewe (beskouinge) met betrekking tot die geleefde ervarings van laerskoolhoofde was dus bevestig en het na vore gekom.

Die primêre navorsingsvraag van die studie was: “Wat is die geleefde ervarings van laerskoolhoofde van hul rolle as onderrigleiers?” Hierdie navorsingsvraag was dus beantwoord. Hierdie studie maak dus ‘n oorspronklike bydrae tot navorsing wat in ‘n Suid-Afrikaanse konteks uitgevoer is. Hierdie studie strek verder as onlangse navorsing wat deur verskeie navorsers in verband met onderrigleierskap in Suid-Afrika uitgevoer is.